DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Joh.15:5*

19 Maart 2017

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. M.P. HENDRICKS**	**Aand**	**Ds. C.C.A. VREY**
Sing vooraf	Ps. 119: 29	Sing vooraf	Ps. 2: 1, 6
Sing	Ps. 48: 1, 5	Sing	Ps. 98: 1, 3
	Ps. 2: 6		Ps. 2: 3, 4
	Ps. 16: 1, 2 en 4		Ps. 45: 1, 2, 10 en 16
	Sb. 7-1: 1 (31)		
Skriflesing	Daniël 9: 24 – 27 Matteus 24	Skriflesing	Psalm 2 HK Sondag 12, Vraag 31
Teks	Matteus 24: 1 – 2 en 15 - 22	Teks	Psalm 2: 6
Tema	Niks sal meer heilig wees nie	Tema	Jesus Christus – die ewige Koning

2. GEMEENTENUUS EN -AKTIWITEITE

AANSTELLING: KASSIERE
Sr. Yolandi Taljaard (082 555 3380) is aangestel as die nuwe kassiere – baie geluk!

BASAAR: WIT OLIFANTE
Aangesien daar beperkte stoorplek beskikbaar is, is daar besluit om van die items nou reeds te koop aan te bied. Indien u belangstel in 'n artikel tussen die wit olifante, kan u 'n aanbod maak by sr. Magda Groot (084 450 6166) of sr. Tillie Wüst (084 503 5552). Die hoogste aanbod sal aanvaar word. Hierdie reëling sal slegs tot einde Julie in werking wees, sodat voldoende voorraad vir die basaar opgebou kan word.

BIBLIOTEEK
Ons benodig hulp by die kerk se biblioteek met die skryf van resensies, aankoop van boeke en ander take. Lidmate wat belangstel om betrokke te raak, kontak asseblief sr. Willina Cilliers (082 738 1809).

BYBELSTUDIE
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving - 083 642 0611)

GEMEENTEKAMP
Ons gemeentekamp vind DV plaas 31 Maart tot 2 April by Mizpah naby Grabouw. 'n Inligtingstuk met die program en ander reëlings sal binnekort aan die deelnemers uitgedeel word.

KATKISASIE
Daar is vandag geen katkisasie nie, maar wel volgende Sondag na die oggenderediens.

LEWENDE STENE
Die Hoërskool jeug vergader DV Vrydag om 18h00 tot 20h00 in die kerkhuis. Bring asseblief jul Bybels en psalmboeke vir Bybelstudie. Laat weet asseblief op die *Whatsapp* groep as jy gaan kom, voor of op Donderdag. Vir meer inligting kontak sr. Deléne Vrey (084 602 1382)

SANDJIES (2 – 6 jaar)
Die Sandjies kom DV Saterdag, 25 Maart om 10h00 by die kerk bymekaar vir 'n kort bybelles en lekker saamspeel. Ouers is welkom om saam te kuier.

SKIEREILAND VIR CHRISTUS
Die kamp vind hierdie naweek plaas te Wemmershoek. Baie dankie aan almal wat hierby betrokke is. Die gemeente se voorbidding word gevra vir hierdie evangelisasie-werk onder die kinders van Laerskool de Waveren.

VERTALING VAN BYBEL IN SA GEBARETAAL
Ons het 'n skrywe van GK Paarl ontvang oor addisionele befondsing wat benodig word vir hierdie bybelvertalingsprojek. Indien u graag 'n bydrae wil maak, doen asseblief 'n EFT met die verwysing Hands with Words, of plaas die kontant in 'n gemerkte koevert in die kassiere kissie. Vir meer inligting kontak gerus die kerkkantoor.

3. SUSTERS

DAGBOEK
Die maandvergadering van 26 April is gekanselleer.

TEESKINKBEURTE
Vandag: *geen koffie & tee a.g.v. skool langnaweek*
Volgende Sondag: Wyke **Glenlily** (Deléne Vrey), Blouberg (Nicolette van der Walt) en Oude Westhof (Tillie Wüst)

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Ludwig Venter, Ruthven Janse van Rensburg, Herman Boneschans, **Jaco Coetsee**

Volgende week: Brs. Pieter van Niekerk, Riaan Janse van Rensburg, Stefan Bezuidenhout, Dirkie Kruger

Ouderlinge

Vandag: Brs. Freddie Scheepers, Gert Swanepoel, Ben van der Walt, Jakobus Wüst

Volgende week: Brs. Gustaaf Costerus, Niël van Hoving, Berend Meijering

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)

Vandag: Brs. Mark Lyons, Lawrence Lombard

Volgende week: Brs. Gert Mulder, Marten Daling

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Maart: 27/03 Bosbell & Hoheizen

April: 24/04 Loevenstein

Mei: 8/05 Welgemoed, 15/05 Kenridge, 29/05 Oude Westhof

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Kinderhuise in kerkverband	Diakonale Kas
By die deure:	Teologiese Studentekas	Emeritaatsfonds

RIGLYNE VIR KERKLIKE BYDRAES

Na aanleiding van navrae van lidmate rondom riglyne vir kerklike bydraes, gee die Kerkraad graag weer sy besluit van 28 Oktober 2015 weer: As algemene riglyn word gestel dat lidmate ten minste 5% van hul bruto maandelikse inkomste (na belasting maar voor enige ander aftrekkings) behoort te gee as kerklike bydrae, met ‘n verdere 5% vir kollektes en ander kerklike insamelings of projekte. Elke lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville moet hom- of haarself biddend voor die Here ten opsigte van sy/haar bydraes verantwoord.

VERKIES TOT OUDERLING EN DIAKENS

As ouderling (vir Bellville): br. Johan Snyman

As diakens (vir Bellville): brs. Chrisjan Vrey en Jaap Weij

As diaken (vir Rondebosch): br. Lubi Ndou

5. VERJAARSDAE

Vandag	Br. Lawrence Lombard	083 227 9835
22/03	Mienke van Niekerk (6 jaar)	082 923 1377
24/03	Sr. Judy Lottering	083 576 1581
25/03	Sr. Jorita Boneschans	082 565 9770

6. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville

Broadway straat 6, Bellville, 7530 Posbus 5009, Bellville, 7535
E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za Tel: 021 945 1515 Faks: 086 465 4609

Kerkkantoor: Donderdae 09h00 - 13h00

Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Kerkplanter	Dr. Simon Jooste	083 973 5818
RCSS Webtuiste	https://rcsasouthernsuburbs.com/	
Skriba	Oudl. Berend Meijering	083 291 7603
Admin Beampte	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809
Koster	Br. Piet Reyneke	072 218 9988
Kassiere	Sr. Yolandi Taljaard	082 555 3380

Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger,
Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205

Taalversorging van preke	Sr. Geert van Jaarsveld	
Vertalers	Brs. Willem de Haan en Freddie Scheepers	
Webmeester	Br. Ben van der Walt	021 903 1505
Regstreekse erediens uitsending	http://kerkdienstgemist.nl/assets/462806	

www.gkbellville.org https://www.facebook.com/gk.bellville

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za